Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

19 Februarie 2025

**KENNISGEWING VAN 'N NOMINASIEVERGADERING EN VERKIESING VAN DRIE OUERLEDE TOT DIE BEHEERLIGGAAM OP 13 MAART 2025**

1. Kennis geskied hiermee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 3 (drie) ouerlede tot die Beheerliggaam van bovermelde skool DV gehou gaan word **op Donderdag, 13 Maart, om 18:30 by Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster.**
2. Ouers van leerders wat amptelik by die skool ingeskryf is en nie by die skool in diens is nie, mag as kandidate genomineer word. Nominasies kan as volg deur ouers uitgevoer word:
   2.1 'n **nominasievorm vooraf indien** wat volledig deur die
   - voorsteller, sekondant en kandidaat voltooi is en die nominasievorm
   - binne 7 (sewe) dae en nie minder as 1 dag (24 uur) voor die nominasie-vergadering (d.w.s tussen 7 Maart 2025 en 12 Maart 2025) in 'n verseëlde koevert by die administratiewe kantoor van die skool indien, OF

   2.2 **tydens die nominasievergadering**
   - 'n ouer as lid te nomineer,
   - mits 'n ander ouer wat by die vergadering teenwoordig is, die nominasie sekondeer en
   - 'n nominasievorm wat volledig deur die voorsteller, sekondant en kandidaat voltooi is
   - binne die tydperk wat tydens die nominasievergadering deur die verkiesingsbeampte vir dié doel toegewys word, by die verkiesingsbeampte ingedien word.
3. Nominasievorms sal vanaf **Donderdag, 20 Februarie 2025** by die administratiewe kantoor van die skool, beskikbaar wees.
4. Indien meer as die aantal ouerlede wat verkies moet word, genomineer word, d.w.s. indien daar meer as **3 (drie)** nominasies is, sal 'n stemming per geslote stembrief plaasvind: op **Donderdag, 13 Maart 2025, direk na afloop van die nominasievergadering in Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster se skoolsaal.**
5. Die kworum by dié verkiesing sal **15%** van die totale aantal stemgeregtigde ouers wees. Indien 'n kworum nie bereik word nie, sal 'n **tweede** verkiesing DV op **Donderdag, 27 Maart 2025, om 18:30 in Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster se skoolsaal** gehou word.
6. Ouers word vriendelik, dog dringend, versoek om die verkiesing van **13 Maart 2025** by te woon.
7. Bring asb. u ID-boek, paspoort of bestuurderslisensie saam.

[signature]

---------------------------------------

Mnr. Dean Stander
VERKIESINGSBEAMPTE TEL (012) 332 0601